

PROTESTANTSE REVEILLE

Die Mondstuk van die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika (1925)

VOL. 71

DERDE KWARTAAL

2016

Is die Protes oor? Hervorming 500

Groot verwagtinge

Soos die 500 jaar herdenking van die Protestantse Hervorming (31ste Oktober 2017) nader, poog Pous Franciscus van die Rooms-Katolieke Kerk om alle Christelike kerke te verenig. Die pous beweer dat **'die protes oor is'** en dit het 'n leser van *Protestantse Reveille*, Lenore Faddell van Kaapstad, aangespoor om te vra: **"Wat sê Protestante hiervan? Stem hulle saam?"** Lenore verwys ook na die gemeenskaplike verklaring oor die regverdigingsleer wat deur die Vatikaan en die Lutherse Wêreldfederasie geteken was op 31ste Oktober 1999, lank voor Franciscus se verkiesing in Maart 2013, wat Pous Benedictus XVI se bedanking op 28ste Februarie 2013 gevolg het. Wat betekenisvol is, is dat *The Reformer*, die amptelike publikasie van die *Protestant Alliance* (VK) onlangs die hoofberig gehad het: **'Is die Hervorming oor? Franciscus berei hom voor om te verklaar dat dit is!'**

Onder weg na Rome

Daar is 'n gevoel van verwagting in die Vatikaan, en dit word weerspieël in sekere Protestante se reaksies. 'n Hoofspeler in die aansporing van die sogenaamde versoening was die wyle Tony Palmer, 'n pastoor met 'n Anglikaanse oorsprong wat in Engeland gebore is en in Suid-Afrika grootgeword het. By 'n vergadering om hierdie agenda aan te voer met mense soos die welvaart evangelie van gesondheid en rykdom apostel, Kenneth Copeland, het Palmer beweer dat hy hulle aangespreek het **'in die gees van Elia'** en dat **'Luther se protes oor was'**.

Op die plaaslike front, het die Oktober 2014 uitgawe van *JOY!* tydskrif 'n sterk **'Boodskap van Pous Franciscus aan Alle Weergebore Christene'** gehad en die poging om 'eenheid' te bevorder is in 'n positiewe lig gesien. 'n Mens het sterk die indruk gekry dat die tydskrif kritiese reaksie op sy naïwiteit skynheilig afgeskud het; maar wat treffend is, is dat dit nie hierdie artikel (so ver soos dit vasgestel kan word) in sy Afrikaanse weergawe *JUIG!* ingesluit het nie.

Binne die gereformeerde kerke, egter, skryf Adrio König Professor Emeritus in sistematiese teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) soos volg:

"Is dit nie 'n kenmerkende en verblydende ding dat die Rooms-Katolieke en Protestantse eksegete van die Nuwe Testament tot merkwaardig soortgelyke gevolgtrekkinge gekom het in verband met die Skrif wat praat van regverdiging deur geloof, terwyl met die Hervorming, dit een van die mees kontroversiële en verdelende onderwerpe was? Daardie tyd was die twee groepe radikaal teen mekaar. Die Hervormers het dade (werke) van die hele gebied van regverdiging radikaal uitgesluit (en het gehandhaaf dat 'n mens nie voor God deur dade geregverdig word nie) terwyl dit gelyk het asof Rome op een of ander manier dade wou insluit. Vandag, as gevolg van nuwe navorsing en in die besonder weens werk wat saam gedoen is, is 'n punt bereik waar dit moontlik is om oor hierdie saak saam te stem." (STH 101 GUIDE, UNISA, bl 25.)

Eenheid roep – die Protestantse bybelse antwoord:

Die 'gees van die eeu' het min tyd vir godsdienstige omstredenheid, net soos Gallio van oud in verband met die 'geredekawel oor woorde en name, en julle wet' (Handelinge 18: 15). Sulke

kwessies word te maklik afgewys as kleinlik; **maar dit is noodsaaklik dat die Bybel nie weggestoot word in die belang van opportuniteit en politieke korrektheid nie.**

'n Aanmerking op *YouTube* deur 'n Nancy Green oor die Pous se boodskap aan Tony Palmer sit 'n sterk waarskuwing by – *'Eenheid is nie wat Jesus gekom het om te doen nie. Hy het gesê dat sy Woord 'n tweesnydende swaard is, wat die ware gelowiges sal skei van diegene wat die god van hulle begeertes soek.'* Die Evangelie van Jesus Christus en Rome se sakramentalisme en afgodediens is nie verenigbaar en sal nooit verenigbaar wees nie. *The Reformer* het daarop gewys dat die 'Protestante' etiket nie *deur hulle gekies* is nie, maar dat dit 'n onvoldoende benaming was wat *gegee is aan* daardie prinse van Duitsland wat verskil het van die Rooms-Katolieke besluit by die Ryksdag van Speyer (Spires) in 1529. Daar is egter altyd 'n 'protes' of omstredenheid tussen die God van die Bybel en die pousdom, wat eens vasberade was om die Woord van God van die mensdom te weerhou, en dit steeds versmoor met sy kettertradisies (Openbaring 22: 18 & 19).

Regverdiging

Ek vermoed dat Prof. König goed mag bedoel het toe hy min maak van die verskil tussen Protestantisme en Romanisme oor regverdiging, maar die 'wens was die vader van die gedagte'. Die moderne ekumeniese beweging wat 'eenheid' soek sonder 'n wagter se oordeelkundigheid, maar eerder soos Prof. König argumenteer, 'in die besonder weens werk wat saam gedoen is', neig na pragmatisme, naamlik die doel heilig die middele; maar die harde werklikheid is dat die waarheid op die ou end sal ly.

Luther het volgehou dat die 'doktrine van Regverdiging deur geloof die artikel is waarop die Kerk staan of val'. Hierdie waarheid is ouer as die Wet van Moses, soos die Apostel Paulus duidelik geskryf het in verband met die Patriarg Abraham (Romeine 4.3 en Galasiërs 3.6). Ons Here Jesus Self het die Joodse godsdienstige vraag oor verlossing op grond van daad, van die hand gewys deur om dit te laat neerkom op die een ding wat nodig is: *"Dit is die werk van God, dat jy in Hom glo wie Hy gestuur het"* (Johannes 6: 28 & 29). 'Rome' preek nie oor die volbringde werk van Jesus Christus op die Kruis as alleen genoeg vir die verlossing van die mens deur geloof ontvang nie. Die monopolie is die kern van sy leer, nl. dat alle paaie na die hemel deur sy Vatikaanse tolhek moet lei, wat regverdiging dus afhanklik van menslike werking maak!

Net soos ek is

Die Negentiende-eeuse predikant, William Jay van Bath (Engeland), het gesê:

"Jy het 'n Bemiddelaar tussen juiself en God (die Vader) nodig, maar julle het nie 'n Bemiddelaar nodig tussen juiself en Christus nie; jy mag na Hom kom net soos jy is."

Wat Protestantisme betref, het dit geen eksklusiewe en sektariese aanspraak soos 'Rome' het nie, maar wys na Jesus, die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem (Johannes 1: 29). Sodoende volg dit sy Heilige Gees-gedrewe opdrag van getrouheid aan die Bybel, en herinner gelowiges dat hulle vas moet staan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het (Galasiërs 5: 1).

Die protes is eintlik 'n hernieuwe verklaring van die volbringde werk van Christus, en die dringendheid waarin die Evangelie alleen deur geloof ontvang word.

'Waar Christus is, daar is die Kerk.'

(St Ignatius van Antioch)

-- Craig Hounsom (Redakteur)

'Valse leer word maklik geïdentifiseer deur die feit dat dit gewillig ontvang word deur almal, en almal hou daarvan.' (Johannes Calvyn)

'....die kosmiese krisis agter 'n nasionale gebeurtenis.'

(Matthew Henry, oor Psalm 2)

Mary Moffat: Geliefde Venoot

Een van die grootmoedige Christelike vroue wat hulle mans heelhartig ondersteun het was Mary Moffat, die vrou van Robert Moffat, die groot Skotse sendeling in Afrika. Althoe is in 1795 gebore, die jaar waarin die Londense Sendinggenootskap (*London Missionary Society -- LMS*) gestig is. Dit was 'n tyd van geweldige geestelike oplewing. God het sendelinge geroep om na amper elke vasteland te gaan, en beide Robert en Mary wou graag Sy roeping antwoord. Hulle het eers ontmoet toe Robert na Manchester gegaan het om die aanbeveling van 'n vroom vriend, William Roby, te soek. Roby het werk vir hom gekry by James Smith, 'n gelowige Skot wat 'n kwekery besit het, want Moffat was opgelei as 'n tuinier. Toe hy daar was, het Robert verlief geraak op Smith se pragtige en enigste dogter, Mary.

Toe die Londense Sendinggenootskap hom aangestel het as hulle sendeling in Namaqualand, wou hy graag Mary saam met hom neem, maar haar ouers het dit nie toegelaat nie. Soos William Roby gesê het:

“Arme Moffat se vriendelike geaardheid en sterk toegewydheid het die liefdevolle aandag van sy meester se dogter getrek, 'n jong dame met sterk gelowigheid en goeie maniere, en die vooruitsig van 'n aansienlike fortuin. Sy het 'n ware sendelingsiel soos hy, en is gretig om hom te vergesel; maar haar ouers verbied dit, en sy en hy moet dus besluit om hulle vurige wense op te offer.”

Met groot hartseer het Mary vir Moffat gesê om met iemand anders te trou, maar hy kon nie instem nie. Op 18de Oktober 1816, het hy alleen op 'n skip geseil. Hy het uit Namakwaland aan sy ouers geskryf: *“Ek het soveel moeilikhede om alleen aan te pak...”* Maar God het 'n doel gehad. Hy het met haar ouers gepraat en 'n bietjie later het Mary aan die Moffat ouers geskryf:

“Na twee en 'n half jaar van die seerste ongerustheid, het ek deur die liefdevolle genade van God toestemming van my dierbare ouers gekry om een of ander tyd volgende lente by u dierbare seun aan te sluit in sy harde werk. Dit is glad nie wat ek 'n week gelede verwag het nie, maar God se gedagtes is nie soos ons gedagtes nie.... Hy het die harte van alle mense in Sy hand... So het Hy gedoen met betrekking tot my dierbare ouers... Hulle het altwee gister my kalm toevertrou aan die Hande van die Here, en gesê dat hulle my nie langer daarvan kon weerhou nie.”

Op 27ste Desember 1819, het Mary en Robert Moffat getrou in St George's Anglikaanse Kerk, Kaapstad. Dit was die begin van 50 jaar van liefdevolle sendingwerk saam. 'n Maand later het hulle na Lattakoo en toe na Kuruman gegaan. Mary se bereidwilligheid om swaarkry te verduur, haar blymoedige gees, haar wyse raad en haar toegewyde sorg het haar man heelwat versterk. Al het sy in 'n modderhut gewoon, het sy vreugdevolle briewe huis toe gestuur. Al was hulle mielies deur die plaaslike inwoners gevat en al was hulle skape gesteel en hulle kos, gereedskap, en huishoudelike besittings weggedra, het sy met selfvertroue en geloof gewerk.

Die geestelike werk was eers ontmoedigend en selfs na vyf jaar moes Mary erken:

“Ons het geen voorspoed in die werk nie, en nie die minste teken dat goed gedoen word nie. Die Botswana (Tswana) lyk meer onverskillig as ooit, en kom selde kerk toe. Ons moet aanhoudend oor hulle treur.”

In Natal het Shaka Zulu homself gevestig as die onbetwiste heerser van die Nguni mense. Hy het 'n reeks verwoestende broederoorloë begin, die *Mfekane* (of *Lifaqane*), waarin, deur soort van 'n domino-effek, groot gebiede van Suidelike Afrika ontvolk is. Selfs Kuruman was nie veilig nie. Twee keer moes die Moffats vlug en skuiling soek in Griekwadorp.

In 1829 het die gewenste ontwaking gekom. Die plaaslike mense het begin om dienste in groter getalle by te woon. Die skole het gefloreer, en gelowiges is geleidelik gedoop. In dieselfde jaar het Mzilikazi, die hoof van die Matabele, wat van Shaka gevlug het en toe later gaan woon het in die plek wat Rhodesië geword het (huidige Zimbabwe), boodskappers gestuur om te vra oor die gewoontes en leer van die wit mense by Kuruman. Moffat het gereageer, en dit het gelei na 'n lang verhouding van respek tussen hulle.

Robert Moffat was die eerste sendeling om die Bybel in 'n swart taal, Sechwana (Setswana) te vertaal. Hy het ook *Pilgrim's Progress* vertaal en gesang- en skoolboeke gepubliseer. In 1840 het hy

teruggegaan na Engeland met verlof, wat hoogs suksesvol was. Hy het David Livingstone ontmoet, wat so geïnspireer is deur God se glorieryke daad dat hy die Moffats gevolg het na Afrika.

Mary het tien kinders gehad. Haar bekendste dogter was haar naamgenoot, Mary, wat getrou het met dr Livingstone en sy swaar sendinglewe gedeel het. Haar seun, John Smith Moffat, het 'n LMS sendeling geword en later die Kuruman sendingstasie oorgeneem. Haar kleinseun, Howard Unwin Moffat, het eerste minister van Suid-Rhodesië geword.

Mary Moffat het vroeg in 1871 in Engeland gesterf. Haar biograaf, John Telford, skryf: *"'n Meer grootmoedige, meer getroue wederhelf kon geen sendeling gehad het nie,"* en Robert Moffat het bygevoeg: *"Sy het my dikwels vir maande weggestuur van die huis af vir evangelisasiedoeleindes, en in my afwesigheid het sy die stasie so goed as, of selfs beter, bestuur as wat ek dit self sou kon doen".*

Vir geslagte het Robert en Mary Moffat bygedra tot die vrede, vryheid en beskawing van Afrika, en die seëninge van hulle werk kan steeds gesien word. **Soli Deo Gloria.**

-- Dorothea Scarborough

Redakteur se kommentaar:

Dorothea Scarborough is 'n raadslid van die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika. Al het mev. Scarborough baie rolle gehad, word sy oor die algemeen geassosieer met die Kongregasionalistiese Kerk in Seepunt waar haar oorlede man, ds. Charles Scarborough lank die leraar was. Vantevore het hulle gewerk vir dieselfde Londense Sendinggenootskap as die Moffats en Livingstones, maar in die Gilbert-eilande (nou Kiribati-eilande), in die Stille Sentraaloseaan! Net soos Mary Moffat was hierdie dame (wat in Duisland gebore is), 'n integrale deel van haar man se bediening onder moeilike omstandighede. Later het 'n besoek aan Kaapstad deur die Voortsienigheid gelei na hulle hervestiging aan die Kaap die Goeie Hoop. Mev. Scarborough is ook 'n lojale ondersteuner van die Wêreldbiddag vir Vroue, wat interessantheidshalwe ook plaaslik begin het in die Kongregasionalistiese Kerk in Seepunt!

Aanhalings oor die Moffats

'Sy het met 'n baanbreker getrou, 'n vurige jong man met 'n doelgerigte geestelike visie. Sulke mans soek nie 'n maklike lewe nie, en hulle maak dit ook nie altyd maklik vir ander nie.

Maar hierdie is die mans wat die wêreld verander – in 'n klein of groot mate.'

(Beloved Partner – Mary Moffat, deur Moira Dickson)

'In die uitgestrekte vlaktes van die Noorde het ek partykeer in die oggendson rook gesien van duisend stante waar geen sendeling nog ooit was nie.'

(Moffat se roepstem wat die aansporing was vir 'n jong Skot wat in Londen besig was om voor te berei vir sendingwerk. Hy was toe die 'wonder van ons eeu', dr David Livingstone.

Later het hy getrou met die Moffats se dogter, Mary jnr.)

'My ou hart is warm en my voete sterk ... wanneer ek kyk na die eindelose donker streke in die verte, smelt my hart en wens ek ek was weer jonk.'

(Dr Robert Moffat, tuinier wat saaiër van die saad van die Woord van God geword het.

Beloved Partner – Mary Moffat)

-- Aanhalings saamgestel deur Craig Hounsom (Redakteur)

'Voor God 'n seëning gee, skryf Hy 'n doodsvonnis op die middele wat daartoe lei.'

(Mev. Charles Cowman, Springs in the Valley. 31 Augustus)

'Dit is die gewone manier van die Voorsienigheid met my dat seëninge deur heelwat ysterhekke kom.'

(Thomas Boston, Skotse Presbiteriaanse leier: 1676-1732)

Tyd om te Vlieg soos 'n Arend

'God ... wat dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur Sy woord' (Romeine 4: 17)

Die oomblik het gekom wanneer jy van die stokkie van wantroue moet afklim, uit die nes van skynveiligheid en op die vlerke van geloof; net soos die tyd kom vir die voël wanneer hy moet begin leer vlieg. Dit mag voel asof jy aarde toe mag val; so mag dit ook voel vir die babavoël. Hy mag ook baie kere voel asof hy val; maar hy val nie – sy vlerke ondersteun hom; of as hulle knak, vlieg die ouervoël onder hom en dra hom op sy vlerke. Net so sal God jou dra. Vertrou Hom alleen: “jy sal gedra word”. “Ja maar” sê jy “moet ek myself werp op niks?” Dit is wat die voël blykbaar moet dink; maar ons weet *die lug is daar*, en die lug is nie so onsubstansieel soos wat dit blyk nie. En jy weet dat die *beloftes van God daar is*, en hulle is glad nie onsubstansieel nie. “Maar dit lyk onwaarskynlik dat my arme swak siel met sulke sterkte gegord sal word”. Het God gesê dit sal? “Dat my natuur wat versoek word en oorgee, oorwinnaar sal wees in die stryd.” Het God gesê dit sal? “Dat my bangerige bewende hart vrede sal vind?” Het God gesê dit sal? Want, as Hy het, bedoel jy nie om vir Hom te lieg nie! Het Hy nie gepraat nie, en sal Hy dit nie doen nie? As jy 'n woord – 'n 'seker woord' van belofte – gekry het, neem dit vanselfsprekend, vertrou dit absoluut. En hierdie seker woord wat jy het; nee, jy het meer – jy het Hom wat die woord met vertroue sê. “Ja, Ek sê vir jou”, vertrou Hom.

-- JB Figgis, MA

-- Met wysiging ontleen aan *Streams in the Desert – Strome in die Dorstrand*: 13 Julie (Mev. Charles Cowman, stigter met haar man – wat relatief jonk oorlede is – van die *Oriental Missionary Society -- Oosterse Sendinggenootskap*)

Redakteur se kommentaar:

Die pragtige analogie van JB Figgis hierbo, dui aan waarom die destydse Britse Eerste Minister WE Gladstone dit goed gedink het om twee keer na sy preke te gaan luister. Figgis het sy graad van Trinity Kollege, Dublin, Ierland gekry. Hierdie geagte prediker in die *Lady Huntingdon Connexion* het in die Keswick-konvensie kringe beweeg met mense soos die vroom Biskop Handley CG Moule en dr FB Meyer. (Laasgenoemde het Suid-Afrika besoek en was ontmoet in Tafelbaaihawes deur ons dr Andrew Murray jnr van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.)

Figgis se geskifte is hoog geag deur 'die prins van predikers', Charles Haddon Spurgeon. *His Visions (of An Old Man's Dream)* handel oor die Eerste Brief van Johannes. Daarin is 'n bylae oor sy jubileumjaar (50ste) viering by Brighton (8ste Desember 1911). My voorvader, William Alim Hounsom VR, het 'n toespraak en voorlegging aan die patriarg gelewer by daardie groot geleentheid!

JB Figgis se agteragterbroerskind, Jim Figgis van Dalbeate naby Dumfries, Skotland, is 'n lojale vriend van Afrika. Jim is 'n direkteur van SPAC d.w.s. die *Society for the Protection of African Children* (www.hopeforafrica.org.uk). Projekte sluit in waterboorgate vir weeskinders in Malawi. Hy is ook die skrywer van *Africa Calling* (sy mees onlangse boek), *Sea Change on the Solent* en *The Lowest Point on Earth*.

-- Craig Hounsom (Redakteur)

Bibliografie:

Figgis of Brighton – 'A Memoir of a Modern Saint'. J Westbury-Jones MA

'Ek sal vanaand na my Vader gaan.'

(Selena, Gravin van Huntingdon se afskeid van die wêreld, bevestig deur die beloftes van God in Jesus. Hierdie 'moeder in Israel' was 'n vriendin van George Whitefield en John Wesley, gedurende die Evangeliese Herlewing in Brittanje)

Die Aanbidding van God (i)

Wat is aanbidding?

God soek ware aanbidders wat Hom in gees en in waarheid aanbid (Johannes 4: 23). Die hoofaktiwiteit van die engele en die kerk is die aanbidding van God (Openbaring 4: 8-11), en die gevalle mens word veroordeel omdat hy nie sy Skepper aanbid nie (Romeine 1: 18-25). Regte aanbidding van God is uiters belangrik. Maar wat beteken dit om God te aanbid?

Die woord wat spesifiek gebruik word vir 'aanbidding' in die Nuwe Testament (*proskuneo*) beteken neerbuiging in adorasië en respek, en reflekteer die idee van 'voete en knieë omhels en soen' (ii), of om 'aan te raak, kruip of kreppeer soos 'n hond aan sy meester se voete' (iii). Aanbidding is ons antwoord op God se openbaring van Homself (Eksodus 34: 5-8). Dit vra dat ons voor hom moet kniel en eer (Openbaring 5) met ons hele wese: deur verheerliking en opoffering (Romeine 12), in heiligheid, gehoorsaamheid (Psalm 51: 17-19), eerbied, en goddelike vrees (Hebreeërs 12: 28-29). Net diegene 'in Christus' kan op hierdie manier aanbid (Johannes 4: 23, 24).

Die Woord van God in aanbidding

Omdat God se openbaring van Homself sentraal is in aanbidding, is skriftelike gebed, verklarende preke en die lees en sing van God se Woord, alles sentraal in aanbidding (Matteus 22: 37; Kolossense 3: 16; 1 Korintiërs 14: 14-15). Die Skrif (vgl. 1 Timoteus 4: 13) word direk gekoppel aan die werk van die Heilige Gees, want 'in bybelse gedagte is die Gees van God so na gekoppel aan die Woord van God as asem gekoppel is aan spraak'. (iv)

God-gesentreerde aanbidding

Alhoewel ons God moet geniet, is die maatstaf van ware aanbidding nie ons genot nie, maar of dit geheel en al op God gefokus is, volgens Sy voorskrifte. 'Enige wegbeweging van God as die onderwerp en voorwerp' is afgodery. (v) 'n Aanbiddingsdiens moet nie regeer word deur 'n begeerte om aantreklik te wees vir ongelowiges en gelowiges nie. "... Waar pragmatisme die geleier word, word die [teiken] gehoor toenemend mens ... Wanneer wat die mensdom wil hê die bepalende faktor word, sal dit nie net aanbidding verontreinig nie, maar teologie ook." (vi) Aanbidding van God moet dus nie verwar word met ondervindinge, spesiale effekte, of die jongste musiek, en nuutste tegnologie nie.

Die Verlore Paradys: Aanbidding in 'n gevalle wêreld

Toe Adam en Eva teen God gerebelleer het (Genesis 3), was hulle uitgedryf weg van die aangesig van die Here en gerubs was voor die ingang van die tuin van Eden gesit om dit te bewaak. Dit is geen toeval dat gerubs weer voorkom in veelvoudige plekke binne die Ark van die Verbond (Eksodus 26: 1, 31) nie, sowel as die versoendeksel in die Allerheiligste (Eksodus 22: 18-22), waarvoor God vir Moses verklaar het, "*Daar sal Ek jou ontmoet...*" (Eksodus 25: 22). Elke tree op die weg na die teenwoordigheid van God word gevul met herinneringe van die mens se skeiding van God. Die enigste weg na God is sy voorgeskrywe pad (Eksodus 25-31; Levitikus 1-27).

Wanneer die sondige mens God wil aanbid op grond van wat hom behaag, lei dit tot afgodery of valse aanbidding. Die goue kalf (Eksodus 32-33) was 'n poging deur die mense om 'n god te hê wat hulle 'sintuie sou raak', (vii). Toe Nadab en Abihu 'snaakse vuur voor die Here' geoffer het – wat 'teen die bevel van God was' – is hulle deur vuur verteer (Levitikus 10: 1-3). Eerbied en gehoorsaamheid is net so belangrik in die Nuwe Testament, soos gewys deur die dood van Ananias en Saffira (Handelinge 5) en lede van die Korintiese kerk (1 Korintiërs 11: 30). "*Ek sal geheilig word onder dié wat naby my kom, en voor al die mense sal ek verheerlik word*" (Levitikus 10: 3).

God mag ons roep om Hom te aanbid op maniere waarvan ons nie hou, of wat ons nie verstaan nie – soos Hy gedoen het met Abraham en Isak, sy eniggebore seun van die belofte. Die hoofdoel van die Sabbatdag is die aanbidding van God (*rus* is 'n sekondêre doel – Matteus 12: 5) "...as jy dit eer deur *nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie*, en nie handel dryf nie, sal jy

vreugde vind in die HERE ...” (Jesaja 58: 13-14). Wat ons as gevalle skepsels geniet is nie ‘n beslissende faktor in wat aanvaarbare aanbidding van God is nie. Opreghed en ywer is nie plaasvervangings vir die waarheid en getrouheid nie. (viii)

Algemene probleme wat aanbidding vandag raak

Aangesien aanbidding oor die ontmoeting met God gaan, is daar ‘n behoefte aan transendensie, (ix) wat gedeeltelik afhanklik is van ‘die gehalte van spraak, lees, gebed, en sang’; oneerbiedigheid en slordigheid dreineer onmiddellik hierdie vertikale dimensie. (x) Hoe kan dit geskik wees om ongeërg – onbeplan, onbekommerd – te wees wanneer jy die Koning van konings ontmoet? Aanbidding moet nie soek om aantreklik vir die wêreld te wees nie: “gaan van hulle af weg, en sonder julle af ... en moenie wat onrein is, aanraak nie” (2 Korintiërs 6: 17; vgl. Romeine 12: 2)

Onaanvaarbare aanbidding kan verskeie vorms hê:

- a) Valse gode;
- b) Die ware God word in ‘n verkeerde vorm aanbid (Levitikus 10: 1-3, Eksodus 32); (xi)
- c) Ons kan die ware God in ‘n aanvaarbare vorm aanbid, maar met skynheiligheid: God wil eerder hê dat iemand die tempel (of kerk) se deure moet toesluit (Maleagi 1: 10). “Skeur julle harte, nie julle klere nie” (Joël 2: 13). “Gehoorzaamheid is beter as offerande” (1 Samuel 15: 22).

Aanbidding en musiek

Sang en musiek speel ‘n belangrike deel in aanbidding, en moet ‘n vreugdevolle deel van aanbidding wees maar moet nooit gemik wees op selfverwesenliking, vermaak (pret) of die manipulasie van gevoelens nie. Die doel van musiek in aanbidding is om die boodskap van Christus te help om in sy volle rykdom in ons te woon (Kolossense 3: 16; Efesiërs 5: 19). Verder, toe God die instruksies vir die Tabernakel en priesters se klere gegee het, was Hy besorg dat hulle vir ‘heerlikheid en vir prag’ moet wees (Eksodus 28: 2, 40) – ‘n beginsel wat net so toepaslik is op musiek.

Die maatstaf vir die keuse van musiek en woorde is dikwels wat ‘lewendig’ en kontemporêr is. Maar dit meet aanbidding deur wat die mens behaag. Die maatstaf moet wees: Wat behaag God? ‘Daar is ver te min kore (*choruses*) en dienste en preke wat ons visie van God verbreed – sy eienskappe, sy werke, sy karakter, sy woorde ...’ (xii). Daar is baie te sê oor musiek – byvoorbeeld, die morele invloed daarvan – maar dit sal bespreek word in ‘n latere artikel.

Is u ‘n ware aanbidder van die ware God?

‘Dink aan hierdie dinge.’

-- Dr Kenneth Allen

Verwysings en Bibliografie:

- i) Dit maak gebruik van preke deur R.C. Sproul, John Macarthur, Gary Rheimers, T.D. Gordon, en: *The worship of God: Reformed concepts of biblical worship* (T.L. Johnson et al.); *Don't call it worship unless* (A.E. Pontier); *Singing and making music* (P.S. Jones); *This little church went to market* (G. Gilley) en *Worship by the book* (D.A. Carson et al.).
- ii) R.C. Trench, soos aangehaal in A. Pontier, *Don't call it worship unless ...* (1998).
- iii) E.W. Bullinger, soos aangehaal in A. Pontier, *Don't call it worship unless* (1998).
- iv) J. Woodhouse, aangehaal deur R. Kent Hughes in D.A. Carson, *Worship by the book*.
- v) A.E. Pontier, *Don't call it worship unless ...* (1998).
- vi) R. Kent Hughes in D.A. Carson, *Worship by the book*, bl. 15.
- vii) Jamieson, Fausset en Brown se kommentaar oor Eksodus 32.
- viii) W.R. Godfrey in *The worship of God*, bl. 33.
- ix) God is verhewe bo Sy skepping – superieur daaroor, in heerskappy daaroor, nie beperk daardeur nie.
- x) T. Keller in D.A. Carson, *Worship by the book*, bl. 210-212.
- xi) Eksodus 32:4. Aäron sê dat die beeld van die goue kalf die god/gode is wat hulle uit Egipte bevry het, wat suggereer dat die mense ‘n sigbare vorm van God wou hê.
- xii) D.A. Carson, voorwoord in *Worship by the book*.

‘Daar sal ‘n tyd kom wanneer in plaas van skaapwagters wat die skape voed, die kerk narre sal hê wat die bokke vermaak.’

(CH Spurgeon; met vriendelike vergunning van Louis van den Berg, Durban)

‘Valiant For Truth’: J Gresham Machen

Sy boek ‘Christianity and Liberalism’ ‘n eeu later

John Gresham Machen is in Baltimore (Maryland, VSA) in 1881 gebore. Hy het sy merk gemaak as teologiese student by die beroemde Princeton Theological Seminary (wat sekere Suid-Afrikaanse gereformeerde predikantkandidate ook bygewoon het). Machen het dit opgevolg met studies in Duitsland, waar hy in direkte kontak gekom het met die vernietigende en afskrikkende geestelike gevolge van Liberalisme (‘skyn-Christenheid’ of ‘naturalisme’ soos hy dit later gesien het!). Met sy terugkeer huis toe, het sy moeder, met meer wysheid as die ‘skrifgeleerdes’, gehelp om sy wankelende geloof te stabiliseer.

‘Toe sy geloof se ewilibrum herstel is, was hy beter voorbereid as ooit voorheen om die groot taak van sy lewe aan te pak, in die verdediging van die ou geloof teen die liberale kritiek.’

En so het sy boek *Christianity and Liberalism* later verskyn, Machen se uiteensetting van die stryd: ‘... om ‘n saak skerpsinnig voor te stel is hoegenaamd nie ‘n gewilde besigheid op die huidige tyd nie’. Die man wie sy vennoot en biograaf was, prof. Ned Stonehouse (genaamd ‘Valiant for Truth’ na Bunyan se dapper karakter in sy klassieke *Pilgrim’s Progress*) was bereid om op te tree volgens sy oortuigings en het Princeton Theological Seminary verlaat (waar hy later klas gegee het). Die gerespekteerde instelling word deur baie geassosieer met reuse soos Archibald Alexander, die drie Hodge manne, en Benjamin Warfield. Vanuit hierdie gewaagde daad het Westminster Theological Seminary in Philadelphia, Pennsylvania, ontstaan.

Om die mans van die seuns te skei

Christianity and Liberalism is ‘n klassieke boek, maar nie sonder foute nie. ‘Al sy werke dui ‘n deurslaggewende apologetiese neiging van gedagtes aan en openbaar hom aan ons as die troue vreeslose verdediger van die Hervormde Geloof’. HL Mencken, die Duits-Amerikaanse kritikus wat geneig was om die Christendom te minag, het erken dat ‘hy geen tekortkoming in Machen se standpunt kon kry nie’, sê Grier. Walter Lippman, ‘n vooraanstaande uitgewer, wat die boek geprys het en sy skrywer ‘n heer en ‘n kenner genoem het, skryf:

‘Die skrywer is professor J Gresham Machen. Dit is ‘n bewonderenswaardige boek. Vir sy insig, vir sy opvallendheid en sy wysheid, is hierdie koel en streng verdediging van ortodokse Protestantisme, dink ek, die beste gewilde argument wat aan ieder kant na vore gebring is. Dit sal ons goed doen om na dr Machen te luister. Die Liberale moet hom nog antwoord.’

‘n Beginsel word uitgelê deur die Presbiteriaanse leier: ‘Op die gebied van die godsdienste soos op ander gebiede, sal die dinge waarvoor mense saamstem waarskynlik die dinge wees wat die minste werd is om te hou; die werklik belangrike dinge is die dinge waarvoor mense sal baklei.’ Die boek handel oor sekere swaargewig Christelike leer, in verband met ons Here Jesus, God en die Mens. Hy worstel met die subtiele stemming, ‘Christelikheid is ‘n lewe, nie ‘n doktrine nie’. Die waarheid is van lewensbelang want dit maak die mens vry.

In die begin, Apologetiek

Dit is op die gebied van Apologetiek dat Machen kwesbaar is. Alhoewel hy liberalisme as sub-Christelik gesien het, was hy te eerbiedig teenoor geleerdes soos die Griekse filosoof Socrates en die Duitser Goethe. Die groot Hervormer en Luther se staatsmaker, Philip Melancthon, het anders gedink in sy gevierde *Common Places of Theology (Loci Communes Theologica)*, toe hy geskryf het:

‘Oorspronklike Sonde is ‘n neiging wat in ons gebore is ... ‘n sekere krag wat ons na die sonde lei ... ek gee toe dat matigheid, fermheid en kuisheid in Socrates, Xenocrates en Zeno gevind is; hierdie skadus van deugsaamhede is in onsuiwer harte gevind en het in eieliefde ontstaan. Dit is waarom ons hulle moet beskou nie as regte deugsaamhede nie, maar as onsedelikhede.’

Machen in sy begrip van apologetiek was ‘n dissipel van BB Warfield, wat dit ‘die inleidingsplek vir alle teologiese wetenskappe’ gegee het. Dr Masselink, nog een van Machen se biograwe, het van hom verskil deur om die standpunt van die Nederlandse teoloog (en later die Eerste Minister) Abraham Kuyper te verkies, wie ‘n ondergeskikte plek vir die taak van apologetiek aangewys het, wat hy beperk

het tot die verdediging van dogma. Dr Louis Gaussen slaan die spyker op die kop in sy groot werk oor die Bybel se inspirasie. In verband met weerleggings en verskonings,

‘Die laasgenoemde is onnodig, nie eers voordelig nie, behalwe in ‘n tyd wanneer die behoefte vir hulle gevoel word. Tot daardie oomblik kom, kan hulle ons gedagtes meer skade as goed doen, soos geneesmiddels vir liggaamlike siektes wat gegee word voor die kwaal bestaan.’

Om dit te vereenvoudig: Machen, terwyl hy Warfield se standpunt volg, het ‘n ietwat te optimistiese siening van die menslike natuur, in sy soektog na die waarheid. Dr Edward Hills se kommentaar hierop is:

“... dit is ‘n feit dat Warfield se denke nie heeltemal verenig was nie. Hy het twee afsonderlike gedagtestrome in sy kop gehad wat nie eers hy kon saamsnoer nie. Die een gedagtestroom was dogmatiek en het teruggegaan na die Protestantse Hervorming. Wanneer hy hierdie gedagtestroom gevolg het, het dr Warfield Christenskap beskou as waar. Die ander gedagtestroom was apologetiek, wat teruggegaan het na die rasionalistiese siening van die 18de Eeu. Wanneer hy hierdie gedagtestroom gevolg het, het dr Warfield Christenskap beskou as slegs waarskynlik. Dr Warfield se kollegas by Princeton Seminary het dieselfde verdeelde opvatting van konserwatiewe teoloë gedeel ...”

Dr Hills waarsku dat hierdie benadering na liberalisme by sekere lektors gelei het.

Die Evangelie, ons Hoop

Machen verrys egter bokant hierdie spanning, en hoop vir ‘n beter dag vir die Kerk, waarin die Evangelie van Jesus Christus die mensdom hoop aanbied:

“n Boodskap van Goddelike genade, nou amper al vergete, soos dit was in die Middeleeue, maar bestem om weereens uit te bars in God se goeie tyd, in ‘n nuwe Hervorming, wat lig en vryheid vir die mensdom bring.’

Liberalisme en die afskrikkende sosiale evangelie, kan *dit* beslis nie tot stand bring nie!

Machen se boodskap lewe voort amper ‘n eeu later.

-- Craig Hounsom

Bibliografie:

Christianity and Liberalism (J Gresham Machen: Victory Press)

Christianity – a Question of Balance (‘n boekie gebaseer op ‘n tesisoorisig van Machen, vir dr Bryan Williams (BISA) deur Craig Hounsom)

‘Wys my ‘n kerk se liedere, en ek sal vir jou hulle teologie wys.’

(Gordon Fee, aangehaal deur dr Chris Molyneux in sy *Musical Musings*, nr 133)

‘Almal wie sy doktrine van die Skrif afhangend maak van die historiese ondersoek van sy formasie en struktuur, begin alreeds om sy getuienis te verwerp, en staan dus nie in die houding van geloof in die Skrif nie.’

(Herman Bavinck, ‘n hervormde teoloog) soos aangehaal deur Hywel Jones, wie die volgende byvoeg:

‘Dit is onmoontlik om Bybelse (Evangeliese) gevolgtrekkings te probeer red van teen-Bybelse vooronderstellings.’

(*The Doctrine of Scripture Today* – Evangelical Press)

‘Na ek ‘The Forgotten Spurgeon’ gelees het, het een gedagte my kop gevul: “Preek die waarheid en moet nie ‘n kompromis aangaan nie; wat ook al die gevolge mag wees. Wandel alleen as u moet, maar preek en staan vir die waarheid, tot die heerlijkheid van God alleen”.’

(Van ‘n oorsig op Google deur ‘n man genaamd Wesley oor die bogenoemde boek oor ‘die prins van predikers’, deur Iain H Murray, die vorige redakteur van Banner of Truth. Wesley het dit 5 sterre gegee!)

Barbara Watt – Gewillig en in Staat

Een koel Septemberoggend baie dekades gelede, het twee sussies op die vloer in hulle ouers se slaapkamer gespeel. Hulle vader het gestrek na bo in sy kas om sy trui wat onder sy geweer was, uit te haal. Die geweer het op die grond geval en 'n skoot het afgegaan met 'n harde slag. Die koeël het opgeslaan onder die kasdeur, opwaarts getrek en die oudste kind getref. Dit het deur haar regterarm gegaan en in haar drie-jaar-oue lyfie, en haar niere en long net gemis.

Daai klein dogtertjie was ek!

Hoe voel dit om 60 jaar gestremd te wees? My eerste gedagte is een van dankbaarheid. Dankbaarheid dat ek so 'n vol lewe kon leef, ongeag dat ek 'n parapleeg was met al die moeilikhede wat dit gebring het, soos om 'n rolstoel te gebruik. Die dokter het vir my vader gesê dat dit beter sou gewees het as ek gesterf het, maar God het ander planne vir my gehad, waarvoor ek baie dankbaar is.

Een van my vroegste herinneringe kom van die Matrone van 'Uplands' tehuis vir gestremde kinders. *“Staan op, jy kan dit doen, ek gaan jou nie help nie,”* het sy gesê as ek gesukkel het om op te staan met my beenstutte en krukke. Dit was die begin van my vasberadenheid om selfstandig te wees. My ouers was ook baie ondersteunend en het my en my suster gelyk behandel.

Die baie ruggraatfusie-operasies, gipsverbande vir ses maande en ruggraatstutte het veroorsaak dat ek kwaad was vir God omdat my nuwe selfstandigheid weggeneem was. Dit was ook so seer fisies, emosioneel en geestelik. Die groot vraag 'WAAROM' het by my gespoek en ek het gewonder wat die betekenis en doel van my lewe was. Oor die tien-jaar tydperk tussen die ruggraatoperasies, het ek rekeningkunde gestudeer; gewerk; en Natal tweekeer in sport vir gestremdes verteenwoordig; en ook oorsee gereis.

Ek het daarvan gehou om my eie motor te bestuur en selfstandig te wees. Dit was ongeveer dié tyd dat ek ook betrokke was by die 'Access' Komitee. Ons het opnames van die stad gedoen en die Burgemeester en die Hoofverkeersbeampte besoek in ons veldtog om opritte en parkering vir gestremdes te kry. Saam met ander 'gestremdheid' organisasies, het ons selfs 'n vlotparade met die hoofstraat af gehou om bewustheid van gestremdes te wek. Hierdie tydperk van my lewe het sy hoogtepunt bereik toe ek alles agtergelaat het om 'n jaar voltyds by die Rosebank Union Bible College in Johannesburg deur te bring.

Toe ek daar weggaan, het ek die betekenis en doel van my lewe gewet. Binne ses maande het ek my man by 'n Christelike konferensie ontmoet, en binne twee jaar na ons troue het ek geboorte geskenk aan 'n pragtige babadogtertjie, Sarah.* Wat 'n wonderlike, kosbare geskenk!

Toe Sarah ses jaar oud was, het ons teruggetrek Randburg toe vir 'n nuwe werk vir my man. Binne 'n maand na ons daar gekom het, het ek 'n drukseer gekry. Dit was een van vele kere toe ek vir maande neergevel was en ek moes 'n aantal operasies vir drukseer ondergaan.

Ek het nog altyd voluit gelewe, en het dikwels gevoel dat daar nie genoeg ure in die dag was om alles te doen wat ek wou nie. Somtyds het ek gesê dit is om al die tyd in te haal wat ek verloor het toe ek in my bed moes lê. Selfs dié tyd was nie tevergeefs nie, want ek het gesien hoe die Hand van God mense gebring het om my te help en te leer om geestelik te groei. Tog na al hierdie jare sukkel ek steeds omdat ek te ongeduldig is!

Vir die afgelope tien jaar was ek betrokke by die werk van **disAbility ConneXion**. Hulle missiestelling is **'Om mense met gestremdhede aan hulself, andere, en die Kerk te koppel'**. Al was dit uitdagend, het ek dit regtig geniet om ander gestremdes prakties, emosioneel en geestelik te help. Een van my grootste passies is om die lewens van gestremdes te verbeter. Vir iemand wat onlangs gestremd is, of wat sukkel, wil ek graag sê:

“Moet nooit opgee nie! Jou lewe het betekenis en 'n doel. Jou gestremdheid kan jou beter of bitter maak. Jy het miskien nie beheer oor die omstandighede van jou lewe gehad nie, maar ons het almal beheer oor ons houdings. Dit is nie altyd maklik om 'n houding van dankbaarheid te kies nie, maar met God se genade in jou lewe, kan jy aangenaam verras word.”

-- Barbara Watt: www.rampup.co.za

***Naskrif:** Ons lesers sal ongetwyfeld verheug wees om te leer dat Barbara se dogter, Sarah, onlangs haar MST Meestersgraad (Volhoubaarheid & Leierskap) van die Universiteit van Cambridge ontvang het.

‘Die lewe rol weg met te veel van ons wat skaamteloos ledig is.’

(William Wilberforce, aangehaal deur EJ Poole-Conner, vaderfiguur van die Federation of Independent Evangelical Churches (FIEC) in Engeland)

Die Vier Lewensbeginsels Gehandhaaf deur ‘n Christelike Militêre Generaal: Gordon van Khartoum (anders genoem ‘Chinese Gordon’ of ‘Gordon Pasha’: 1833-1885)

Generaal-majoor Charles G Gordon is as ‘n Christelike martelaar beskrywe, maar daar is diegene wat nie saamstem nie, soos die geval met baie publieke figure is. Hy is vandag steeds die onderwerp van intense belangstelling.

Hy was ‘n intense man.

“Daar was inderdaad niks meer merkwaardig oor hom as sy amper morbiede waardering van die waarde van tyd nie. Hy sou nie op sy eie ‘n enkele oomblik mors nie. Sy eie woorde, ‘Niksdoen is aaklig vir my’, was inderdaad letterlik waar.” (Three Christian Martyrs)

Generaal Gordon se Vier Lewensbeginsels:

- **Algehele selfvergetelheid.**
- **Die afwesigheid van, of geen pretensie.**
- **Weiering om die wêreld se lof of afkeuring as ‘n motief te aanvaar (dieselfde as David Livingstone).**
- **Om in alle dinge God se wil te volg.**

-- Craig Hounsom

‘Ek het myself toegewy, vir wat ook al die duur van my toekomstige lewe mag wees, aan die diens van my God en Verlosser, en met baie gebreke, deur Sy hulp, gaan ek voort tot vandag toe.’

(William Wilberforce, maatskaplike hervormer teen slawerny in *‘Men of the Burning Heart’*)

God Die Heilige Gees: Die Protestantse Hervormers Herbesoek

Die vrees van die Here is die begin van kennis

Jy is bewus dat jy op heilige grond is wanneer jy die geseënde Derde persoon van die Drie-enige God van die Heilige Skrif bespreek. ‘n Paar jaar gelede het die *Protestantse Reveille* ‘n aanhaling ingesluit van een van die vroeër kerkvaders, Tyrannius Rufinus, Presbiter van Aquilia (340-410 NC): *“Ek vergeet nie wat die wyses gesê het nie, dat ‘om van God te praat, selfs wat waar is, gevaarlik is.’”*

In reaksie op ‘n ernstige Zimbabwiese teologiese student, Edson Siwella, wat besig is met sy Ph.D, word hier na die ***Heilige Gees – en die Hervormers se leer in verband met Sy amp*** – gekyk.

Daar is ‘n neerbuigende algemene houding wat impliseer of leer dat die Heilige Gees net eintlik erken is in die moderne Pinkster of Charismatiese bewegings.

Soos die dissipels by Efese se antwoord op Paulus, mag die Christelike kerk wel sê, "Ons het nog nie eers gehoor of die Heilige Gees al gekom het nie" (Handelinge 19: 2). Daar mag ‘n bietjie regverdiging vir hierdie denkwyses wees, want die moderne kerk is goed geleerd, maar soos John Angell James, ‘n mentor van Spurgeon, dit een keer gestel het, *‘die Kerk sterf geleidelik – the Church is dying by Degrees!’* Dit het geen krag nie. My voorganger, ds AH Jeffree James het die groot Walliese predikant en dokter, Dr Martyn Lloyd-Jones ontmoet, gedurende die hervormde konferensie wat in 1958 by die Nederduitse Gereformeerde ‘Groote Kerk’, in Kaapstad gehou is. Die besoeker het gewaarsku van ‘n afskrikkende ‘hervormde skolastiek’, wat nou die mode is.

Die Hervormers in die Gees

Die Protestantse Hervorming was 'n herlewing van godsdiens wat gebaseer is op die Bybel as God se Woord. Die Hervormers, terwyl hulle die pousdom se mensgemaakte tradisie wat die Gees hartseer gemaak het en geblus het, uitgedaag het, was ook oordeelkundig genoeg om die duivel te ken wat listig verwarring saai. Martin Luther het die geeste getoets en het 'n sekere Anabaptis, of sogenaamde 'radikale hervormer', wat beweer het dat hy op die gesag van die 'Gees' opgetree het, skerp vertel dat dit sy eie gees, of idee was.

Die Duitse monnik wat Europa geskud het, het dit nie deur mag bereik nie, maar deur Jesus se Gees: In die *Thinking Theologian – Luther and the Holy Spirit in the Catechisms*, lees ons:

'Die Heilige Gees lê by die kern van Martin Luther se teologiese raamwerk.'

Hy het die Christelike lewe gesien as niks anders as 'n daaglikse 'doop', of meer korrek, 'vulling' nie.

Oor Johannes 14: 23-31, lewer hy die volgende kommentaar:

"Jy sien baie duidelik die Heilige Gees se amp is nie om boeke te skryf nie, ook nie om wette te maak nie, maar om hulle vrylik af te skaf (te kanselleer), en dat Hy 'n God is wat net in die hart skryf, wat dit laat brand en nuwe moed skep, sodat die mens gelukkig voor God word, gevul met liefde vir Hom, en met 'n blye hart die mense bedien. Wanneer die amp van die Heilige Gees so voorgestel word, word dit reg gepreek, of wanneer Hy (die Heilige Gees) op dié manier kom, skaf hy die letter van die Wet af, en wil graag die mense vrymaak van hulle sondes en van die Wet; die laasgenoemde is nie meer nodig nie, want Hy Self regeer in die hart." (In die Church Postil / margin Vol. III: 278).

Dit is inderdaad 'n sterk woord, sekerlik nie bedoel om antinomianisme, d.w.s. wetteloosheid, te bevorder nie.

Die Hervormers het nie 'n wig tussen die Heilige Gees en die Bybel gedryf nie. Met betrekking tot die Switserse leier, Zwingli, word geskryf: *'Die teologie van Ulrich Zwingli is gebaseer op die Bybel ... inspirasie van die Skrif, die konsep dat God as die Heilige Gees die Skrywer is.'* (Wikipedia). En in Johannes Calvyn, die Hervormer wat in Geneva gewoon het, vind ons dieselfde. 'Die vraag oor die Heilige Gees het 'n sentrale plek in Calvyn se denke gehad.' *Christianity Today* het hom die teoloog van die Heilige Gees genoem; en so ook het BB Warfield. Hierdie titel word ook toegeken aan die 'Calvyn van Engeland', dr John Owen, 'n Sewentiende-eeuse Visekanselier van die Universiteit van Oxford, en bekende Puriteinse en Kongregasionalistiese leier.

Dit is in lyn met die antieke kerkgelowe, spesifiek die geloofsbelydenis van Nicea:

'En ek glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek.'

Dr John Owen het die hervormde drie-enige standpunt netjies opgesom in sy groot werk oor die Heilige Gees:

'Die Vader begin, die Seun handhaaf en die Heilige Gees voltooi' ('Goodreads': Gottfried).

Die Heilige Gees en Sy getuienis

Die Werk van die Heilige Gees is om Jesus te verheerlik: 'Hy sal My verheerlik...' (Johannes 16: 14). Mense gevul met die Gees sal preek oor die Evangelie. *'Jesus Christus is nooit uit Paulus se mond nie. Daar is inderdaad niemand en niks nou en altyd in Paulus se mond behalwe Jesus Christus en Sy Kruis nie'* (Luther, soos aangehaal deur dr Alexander Whyte in sy *Bible Characters*, oor Paulus in Arabië).

In plaas van 'n behepthed met die gawes van die Gees en die mens se wêreldlike behoeftes, vervul die opheffing van die Verlosser ons diepste en dringende sielsverlange. Die Wheaton College gegradueerde, en jong moderne martelaar, Jim Elliot, het die Evangeliese standpunt so wys uitgedruk: *'As mense met die Gees gevul is, sal hulle nie boeke skryf oor daardie onderwerp nie, maar oor die Persoon wat die Gees gekom het om te openbaar. Om besig te wees met Christus is God se doel.'*

**Die Protestantse Hervormers sou 'Amen' sê daarop!
Wanneer Jesus sentraal in ons prediking is, val alles op sy plek.
Die getuienis van Jesus is die gees van profesie** (Openbaring 19: 10).

-- Craig Hounsom

'Hy het hulle nie vermaak met gesprekke oor die politiek, of die koninkryke van mense of filosofie, of die natuurryk nie, maar pure goddelikheid en die koninkryk van genade.'
(Matthew Henry se kommentaar oor ons opgestane Heer se hemelvaart in Handeling 1)

**'Hulle praat die beste oor die waarhede van God wat eksperimenteel praat....
Al hierdie selfvertroue rus op ondervinding van gebede wat beantwoord is.'**
(Matthew Henry oor Dawid in Psalm 3)

Juwele Vanuit Luther se Pen

Christus as Heer

'Laat ons ons vertroue in Christus stel. Al sou God my nou of môre wou wegneem, wil ek dit nalaat, dat ek Christus as my Here wil erken. Dit het ek nie net van die Skrif nie, maar ook van ondervinding, want die naam van Christus het my dikwels gehelp toe niemand anders kon nie. So het ek woorde en dade in my guns gehad, die Skrif en ondervinding, en God het my albei in oorvloed gegee.' -- **Luther oor homself.** (Luther's Works, Vol. 54, 'Table Talk', Nr 518)

Afleidende hulpmiddel

'Die mees doeltreffende hulpmiddel vir versoekings is om jou gedagtes oor hulle weg te trek, dit is, om te praat oor die Venesiërs of oor ander sake wat hoegenaamd geen verband met jou probleem het nie, of om jou besig te hou met gebed of die eenvoudige evangelieteks.'
-- **Luther oor versoeking.**

'n Raap is 'n raap

'My 'raas' is geen raas nie, maar ek noem eenvoudig 'n raap 'n raap, 'n appel 'n appel, 'n peer 'n peer.'
-- **Luther oor eenvoudige taal.**

Eenvoudige prediking

'... ons preek in die openbaar ter wille van die gewone mens. Christus sou in diepte kon leer het, maar hy wou sy boodskap in alle eenvoud lewer sodat die gewone mens dit kon verstaan. Liewe Vader, daar is 16-jaar-oue meisies, vroue, ou mans, en kleinboere in die kerk, en hulle verstaan nie verhewe sake nie! As 'n mens geskikte en bekende vergelykings kan gee ... sal die mense verstaan en onthou. Gevolglik is die beste prediker hy wat op 'n eenvoudige, kinderlike, gewilde en maklike manier kan leer.'

-- **Luther oor prediking.** (Luther's Works, Vol. 54, 'Table Talk', Nr 5047)

– Aanhalings gekies deur die wyle ds. AH Jeffree James vir *Protestantse Reveille*: Vol. 38: 2de & 3de Kwartale, 1983 (die jaar van die 500ste Herdenking van Martin Luther se geboorte.)

**'As jy 'n Christelike lewe sou lei,
los dit vir God om te sien hoe die visse in jou nette sal kom,
en gaan doen die werk waarvoor jy geroep is.'**
(Martin Luther)

**Vir u dagboek: Hervormingsfees: 30ste Oktober 2016
Onhou ons Protestantse Erfenis, elke dag!**

Die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika sou graag wou hoor van 'n geskikte persoon woonagtig in die Kaapstadgebied, wat sou belangstel om die Protestantse geloof deur sy boeksentrum- en algemene bediening te bevorder.
□ **Ds. Craig Hounsom: Voorsitter: protestantsa@xsinet.co.za**

MENSE IN DIE NUUS:

1] Dr Michael Cassidy se 60ste herdenking van bekering

Dr Michael Cassidy, stigter van African Enterprise (AE: www.africanenterprise.com), het sy radikale bekering wat op 23ste Oktober 1955 plaasgevind het, onlangs gevier. As 'n vars nuwe student by die Universiteit van Cambridge, wat beoog het om 'n 'goeie graad' te verdien (1 Timoteus 3: 13), het die goeie Here Jesus, groter as Salomo in wysheid, 'n groter plan vir Michael se lewe gehad. Die instrument wat gebruik is om dit te bewerkstelling was 'n medestudent, Robert Footner, wat blykbaar die gelykenis van die groot maaltyd ernstig opgeneem het: *'dring by hulle daarop aan om in te kom* (Lukas 14: 23)!

Na kerk daardie dag, het die twee vriende na Robert se kamer gegaan om 'n bietjie tyd te verdryf voor middagete. Robert het vir Michael gevra of hy 'Christus geken het'. Geskok deur die vraag – aangesien hulle so pas van die kerk gekom het – het Michael vir hom gesê dat ja, natuurlik het hy! Robert het verduidelik dat dit een ding was om *van Christus te weet* en heeltemal 'n ander ding om Hom *persoonlik te ken*. En 'n nuwe man het verskyn, gesalf deur die Heilige Gees.

Dr Cassidy het later teologie in die VSA gestudeer, by Fuller Theological Seminary, die instelling wat met dr Harold Ockenja geassosieer word, en waar die Ierse herlewingshistorikus en evangelis, dr J Edwin Orr, ook klas gegee het. Edwin Orr, wat Billy Graham aangemoedig het in sy evangelisasie-loopbaan, was nog 'n invloed in Michael Cassidy se evangelisasiebediening.

Die enigmatiese Christelike staatsman wat as 'n student bekeer het, het 'n sterk roeping gevoel om na Afrika waar hy gebore was, te gaan. Hy het sy rol gespeel in die fasilitering van Christelike genade in 'n veranderende politieke landskap, terwyl hy sterk Bybelse menings behou het oor die heiligheid van die huwelik tussen 'n man en 'n vrou. En in die uitdaging aan ons leiers om hulle mense te dien 'soos vir God'. Dit was bemoedigend om onlangs in 'n African Enterprise nuusbrief te sien dat Michael die Skotse kerkleier, Samuel Rutherford, aanhaal uit *Lex Rex* ('*Law is King*'). Dit is 'n droë, maar uitdagende werk: *'Tirannie moet gedefinieer word as om te regeer sonder die sanksie van God.'*

Onthou asseblief dr Cassidy, sy vrou Carol, en African Enterprise in u gebede. Hy was onlangs in die hospitaal met longontsteking. AE soek tans 'n Spanleier om oor te neem van Michael, so bid asseblief veral hieroor.

-- Craig Hounsom

2] Hugh Wetmore – Marsjeer na Pretoria!

Veteraan Christelike leier, ds. Hugh Wetmore en sy vrou, Thearl, trek na Glenhaven, die aftree-oord wat deur die Pretoria Central Baptist Welfare Association bestuur word. Hugh het baie jare in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal deurgebring, maar kom eintlik van Kaapstad en Port Elizabeth, en het Pretoria Boys' High School bygewoon toe sy gesin daar gebaseer is.

Hugh Wetmore was die vorige Sekretaris-Generaal van die Evangelical Fellowship of South Africa (EFSA); was 'n dosent by Union Bible Institute (UBI); en het 'n belangrike rol gespeel in die stigting van die Evangelical Seminary of Southern Africa (ESSA). Hugh is ook 'n skrywer, inter alia, van *Why Christians Disagree (When They Interpret the Bible)*. Hy is geesdriftig oor die aanmoediging van gemeentesang, en het baie gesange en liedere geskryf.

Liefde vir die Here Jesus en Sy Woord, die Bybel, het die lewe van hierdie getroue dienaar van die Kerk in Suidelike Afrika vereer. Hy vertel met emosie van sy ontmoeting met dr Billy Graham, en onthou mense soos die herlewingshistorikus en evangelis, dr J Edwin Orr; en hoe hy tyd deurgebring het met ds. AH Jeffree James (een van my mentors); en met ds. Murdo Gordon (ook my hoof) van die Bybelinstituut van Suid-Afrika, Kalkbaai, waar hy eers gestudeer het, aanvanklik met ds. Sandy Gilfillan as hoof.

-- Craig Hounsom

3] **Universities Mission to Central Africa geëer in Malawi**

Die gedagtenis van die Universities Mission to Central Africa (UMCA) is laasweek in Malawi vereer by die ligging van sy tweede sendingstasie in die land. In 1861 het H. Eerw. Charles Mackenzie, ds. Henry Scadamore en dr John Dickson die roeping van dr David Livingstone om Nyasaland te evangeliseer en te help om slawehandel uit te roei, geantwoord. Hulle het hul eers in Magomero gevestig, maar na Mackenzie in 1862 gesterf het aan malaria, het hulle in 1862 na Chikwama op die Shirerivier getrek. Siekte sou binne twee jaar hulle lewens eis.

Streekspolisiesuperintendent MacMillan Nyirongo het op die podium by die Biskop van Suidelike Malawi aangesluit en 'n beroep op Anglikane gedoen om nie die opdrag wat deur die UCMA aan hulle gegee is, te vergeet nie.

"Die Kerk moet verder as die herdenking kyk. Dit moet eerder kyk na die sendingwerk en dienste wat die Sendelinge gebring het en dan daarop bou," het hy gesê, en toe bygevoeg, *"die Sendelinge het nie net die slawehandel uitgeroei nie, maar het ook ontwikkeling gebring; en ons moet strewende om aan te hou daarmee."*

H. Eerw. Alinafe Kalemba het saamgestem met hierdie gevoelens en gesê dat die kerk se werk die behoeftes van die hele mens – geestelik en wêreldlik – moet aanspreek en humanitêre en ekonomiese ontwikkeling van die streek moet aanmoedig.

-- George Conger (13 Mei, 2016): Bron: *Anglican Ink (FCA: Fellowship of Confessing Anglicans)*

4] **FEBA Radio**

FEBA RADIO (die *Far East Broadcasting Association*) ...

... is 'n internasionale media uitreik wat die Evangelie van Jesus Christus uitsaai na die nasies op aarde wat die minste bereik word. Saam met ons internasionale vennoot, *FEBC*, het ons senders die Goeie Nuus reeds vir sewe dekades uitgesaai, aan meer as 60 lande en in meer as 130 etniese tale. Ons daaglikse uitsaai-ure kom uit op omtrent 770 ure, en sluit die Verre Ooste, die hele Asië, Japan, Indië, Sri Lanka, die Midde-Ooste, die Horing van Afrika, Franssprekende Afrika, Oos-Afrika, Mosambiek, ens., in. Ons programme word deur etniese vervaardigers saamgestel, wat ons in staat stel om in harttale uit te saai wat nie gewoonlik gehoor word nie. Ons ontvang jaarliks meer as 9 miljoen navrae van luisteraars wêreldwyd, wat van lewens getuig wat verander is as gevolg van ons evangelieboodskappe.

-- Elize Pieters: Aanhaling van dr Jurie Vermeulen, Nasionale Direkteur: www.febaradio.co.za

5] **Pastorale brief van GAFCON**

Aan die Gelowiges van die Global Fellowship of Confessing Anglicans (GAFCON) en vriende, van Aartsbiskop Nicholas Okoh, Metropoliet en Primate van die Hele Nigerië, en Voorsitter van die GAFCON Primates Council: Junie 2016:

My dierbare mense van God

Mag die God van ons Here Jesus Christus, die Vader van heerlikheid, julle 'n gees van wysheid en van openbaring in die kennis van Hom gee! As die nuwe Voorsitter van GAFCON groet ek julle in die naam van Jesus en dank ek God vir julle almal, van die noorde en suide, en die ooste en weste.

Eerstens wil ek my voorganger, Aartsbiskop Eliud Wabukala, wat binnekort uit die amp van Primate van Kenia gaan tree, bedank. Onder sy leierskap was ons beweging heelwat versterk

en ons tweede groot konferensie in 2013 waarvoor hy gasheer was in Nairobi, het gewys dat GAFCON hier was om te bly. As 'n Primaat, begryp ek die baie swaar lasse van ons amp en ek dank God vir my broer se wysheid, moed en volharding. Ek verseker ook sy opvolger, pas gekose Aartsbiskop Jackson Ole Sapit, van my gebede en sien uit na sy broederskap in die GAFCON-familie.

Ek is van die begin af betrokke by GAFCON en ek is oortuig dat dit 'n beweging is wat tot stand gekom het en onderhou word deur die Here van die Kerk self. In elke eeu, is die duiwel aan die werk om die Kerk te vernietig, maar ons staan vas in die vertroue dat die poorte van die hel dit nie sal oorweldig nie.

Die Apostel Paulus sê vir ons dat die wapens van ons stryd nie vleeslik is nie, maar goddelike krag het om vestings te vernietig. Ons preek dus oor die evangelie, maak dissipels en verbind ons tot heersende gebed, met die wete dat die gevaarlikste aanval op die kerk vandag nie van buite is nie, aaklig soos dit is, maar 'n geglobaliseerde sekulêre ideologie is wat binne die Kerk gevestig is.

Ons moet ons dus toewy aan die taak om die Bybel te herstel in die hart van die Anglikaanse Gemeenskap en dit is die weg na ware eenheid. Die skeidings wat in onlangse jare so vernietigend was het ontstaan omdat sommige gekies het om bybelse geloofsleer te verlaat, en dit het toenemend duidelik geword sedert die ontmoeting van die Anglican Consultative Council laasmaand in Lusaka, dat diegene wat tradisioneel toevertrou is met leierskap in die Gemeenskap niks sal doen om hulle te roep tot bekering nie.

GAFCON is bewyse dat, ten spyte van swaar mislukking, God nie op die Anglikaanse Gemeenskap opgegee het nie. Inderdaad hernuwe Hy dit in Sy genade en barmhartigheid, en ons sien uit met groot afwagting na GAFCON 2018 as 'n samekoms van 'die nasies vir die nasies' soos ons die een ware God wat ons van nuttelose weë gered het en ons in die Koninkryk van Sy Seun gebring het, verheerlik.

Hoogs Eerw. Nicholas D. Okoh (Voorsitter: GAFCON Primates Council)

-- Bron: *GAFCON Anglican Ink (FCA)*: (Verkort – Redakteur)

6] Antioch Mission

Antioch Missions Chinese Church Support Ministries is in 1986 deur Ross Paterson gestig, wat 'n persoonlike roeping ontvang het om die Sjinese mense te bedien terwyl hy by die Universiteit van Cambridge in Engeland gestudeer het. CCSM wat oorspronklik in Engeland gevestig is en nou nasionale takke dwarsoor die wêreld, insluitend Suid-Afrika het, is baie aktief met 'n omvattende bediening aan die Sjinese Kerk en gelowiges.

Ons Missie is om die kerk en mense van Sjina te bedien, versterk en ondersteun, en 'n stem te wees vir haar stille kreet. Ons voorsien 'n pad vir Christene van oral in die wêreld om in Sjina in die kort en lang termyn te bedien. Ons het gereelde korttermyn sendingspanne wat vier tot vyf keer 'n jaar na Sjina gaan.

Ons versterk en voorsien die Sjinese kerk van hulpmiddels en toerusting, naamlik Bybels en Christelike onderrigmateriaal, en ondersteun ook die mense van Sjina deur ingeligte gebede en deur genadeprojekte onder die armes, behoeftiges, en wese. Dit in 'n neutedop is wat ons doen. Daar is soveel meer.

Vir enige verdere inligting, skakel gerus Richard en Bernice Anderson, SA Nasionale Kantoordirekteure, by Tel: **021 783 2143**; Sel: **082 658 7220**; of epos: **southafrica@amccsm.org**; of besoek: **www.amccsm.org**

7] Steve Stevens DFC: die Bybelinstituut se oudste student

Kathy Noland het onlangs die volgende op Facebook geplaas:

Ons by die Bybelinstituut (Bible Institute -- BI) was hartseer toe ons gehoor het van die dood van Steve Stevens, wat ons vermoed ons oudste oudstudent was. Sy dogter het soos volg aan ons geskryf:

"... Ons vader, met hartseer vir ons – maar nie vir hom nie – het gesterf en het na die Heerlikheid gegaan om by ons moeder daar aan te sluit. Hy is oorlede ... op Sondagoggend, 5 Junie. Ek weet dat hy sou wou gehad het dat ek dit aan julle moes meedeel. Hy was 'n student van die Bybelinstituut, eers in Mowbray in 1939, en toe in Kalkbaai, in 1940. Met alle seëninge vir julle en almal by BI."

Steve Stevens: Bybelinstituut se Tweede Wêreldoorlog veteraan het duisende gehelp:

Sedert dit gestig is, het die Bybelinstituut van Suid-Afrika meer as twee duisend studente opgelei, en hulle na 'n verskeidenheid Christelike Bedieninge sien gaan. Een student in die besonder, Steve Stevens, het 'n unieke weg gevolg:

Die Kollege het in 1940 gesluit vir die duur van die Oorlog en party studente het gevoel dat hulle vrywillig moes aanbied om vir vryheid te veg. Steve het by die Suid-Afrikaanse Lugmag aangesluit en twee jaar later, na 'n skof as 'n vlieginstrukteur, het hy in Europa aangekom en Beaufighters (wat vuurpyle gevuur het) gevlieg. Die Distinguished Flying Cross for dapperheid is aan hom toegeken. Hy het sy storie opgeteken in *Beaufighter over the Balkans: from the Balkan's Air Force to the Berlin Airlift*, waarin hy die tyd wat hy by die Bybelinstituut deurgebring het, genoem het.

Pionier van lugbystand aan Christelike werk:

Na hy die Lugmag in 1950 verlaat het, het hy die geleentheid raakgesien om afgeleë groepe mense te bereik met die Christelike boodskap, en is hy gelei om medestigter te wees van die Mission Aviation Fellowship. Bekend as MAF, het dit gegroei om die grootste nie-kommersiële lugredery in die wêreld te word, met 'n beraamde opstygting van 'n vliegtuig internasionaal elke vyf minute. MAF werk in 40 van die wêreld se mees afgeleë lande met meer as 130 vliegtuie, en vlieg sendelinge en hulle gesinne, mediese voorrade, kos en literatuur dwarsoor die wêreld.

Stigtingslid van die Fees van Lig ('Festival of Light'):

Steve Stevens word ook onthou vir sy beywering vir Christelike en morele kwessies. In sy boek, *Fighting for Love, Purity, Marriage and Family Life*, het hy vertel hoe 'die Fees van Lig' plaasgevind het in 1971, met 35 000 mense wat saamgepak het in Trafalgar Square, wat gewys het dat Christenskap al die antwoorde het – dat Jesus Christus die oplossing vir morele besoedeling is'. Dit is geskryf om 'n veggees in die lesers te wek om 'Gebroke Brittanje' te herstel. Hy het aangehou om aktief te beywer vir hierdie kwessies, alhoewel hy in latere jare chroniese pyn verduur het. Hy was 'n prolifieke skrywer en maklike toegang tot die *volle teks* van sy boeke kan gekry word op: www.stevestevensdfc.co.uk

-- Kathy Noland (FaceBook pos, 13de Junie 2016 & BISA Nuusbrief van 2008, aangepas, & met byvoegings, deur Ivan James van verskeie webwerwe, bv. www.saafmuseum.org.za; www.maf-uk.org)

8] Siebert Neethling: 'n Huldeblyk aan ons Vertaler

Die redasionele en skryfspan verantwoordelik vir *Protestantse Reveille* was in Junie baie hartseer oor die skielike sterfte van mnr Siebert Neethling, ons vertaler van die laaste paar jaar, na 'n kort maar verswakkende siekte.

Siebert Neethling het sy loopbaan begin deur klas te gee in Afrikaans by die Hoër Jongenskool Worcester. Na hy vir 'n tydjie redasionele werk vir die opvoedkundige uitgewer Nasou gedoen het, het hy aangegaan om die hoof van Afrikaans en Onderhoof by die Hoër Tegniese Skool Bellville te word. By sy gedenkdienis, is 'n warm huldeblyk aan hom gebring vir sy diep integriteit en voortrefflike bydrae daar – die hoë standarde wat hy gestel het, en sy passie vir Afrikaans is spesifiek genoem. Hy het die skoolkoor afgerig en selfs die skoollied geskryf! Hy word ook goed onthou deur die gemeenskap en in opvoedkundige kringe as die stigtingshoof van die Hoërskool Stellenberg, Bellville.

Aftrede het die geleentheid gebring om belangstelling soos tuinmaak en musiek te volg. Hy het met groot waardering na RSG se gewyde musiek program 'Loof Die Heer' elke Sondag geluister, en het aangebied om 'n kort huldeblyk vir ons laaste Afrikaanse uitgawe te skryf na die heengaan van die aanbieder, Fanie Smit.

Hy het die kans om die *Protestantse Reveille* in Afrikaans te vertaal, baie waardeer. Hy was baie nougeset en noukeurig. Maar hy het ook die standpunt wat ons gewoonlik ingeneem het, waardeer: byvoorbeeld, mensehandel. Met verwysing na sy laaste vertaling van *Reveille*, het hy gesê:

"Die inhoud is alweer baie interessant en in baie opsigte het dit my nuwe insigte gegee.... Baie dankie weer eens vir die geleentheid om 'n vertaling vir julle te doen. Dit was meer as 'n voorreg!!"

-- Ivan James (Siebert se vorige onderwyskollega by HJS Worcester vanaf 1967)

'Gee lig, Heer.'

(Geskryf in die notas van George Gillespie, die 31-jaar-oue Skotse Presbiteriaan.

Hy het toe opgestaan en in 'n enkele toespraak die lewenswerk van die verfynde John Selden, wat die reg van die koninklikes om die Kerk te regeer (Erastianisme) handhaaf het, vernietig het.)

Dit was by die Westminster Assembly, gehou tussen 1643 en 1653)

Briewe: Reaksies op onlangse uitgawes:

1] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Goeiemôre Craig

Ek bid dat alles met u goedgaan in Pietermaritzburg.

Die 'profesie' wat ek lank gelede in die 1980's van Bruce Evans gehoor het, is bewaarheid, wanneer ek hoor van baie Suid-Afrikaners in Engeland wat deur mede-Suid-Afrikaners bedien word. Ons in Port Elizabeth sou kon baat met 'n bietjie suid-Natalse (KZN) warmte hierdie winter!

Ek sien uit na u volgende Reveille.

Mag God u en Esmé seën

Met liefde in ons Here, Neville

1] Van die Redakteur:

Beste Neville

Dankie vir u antwoord. Biskop Bruce Evans is 'n naam wat ek van my studentedae onthou. Hy het getrou gepreek oor die Evangelie. Dankie vir u insig oor sy hoop dat Suid-Afrika 'n sendingnatie van die Christelike geloof sal word. En so het dit gebeur!

Ons het nie 'n 'winter van ontevredenheid' ervaar nie, want die reën en sneeu het 'die tuinprovinsie' natgemaak, en 'n bietjie verligting gegee. En as 'n nasie, is ons mense bewus dat die Here met ons praat, en is stadig besig om die verdeel en heers taktieke van politikusse, wat beoog om publisiteit van hulle persoonlike ambisies af te keer, te weerstaan.

U liefdeswerk vir God is u kroon in u aftrede.

In Jesus, Craig.

2] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Beste ds. Craig

Ja, baie dankie (dat u gevra het of ek 'Protestantse Reveille' gereeld ontvang of nie). Geniet dit terdeë om dit te lees as gevolg van die gegronde historiese feite wat in sy helderheid so briljant uitstaan in ons baie onrustige tye.

Moet ek u besonderhede terugsit in my e-verspreidingslys om u ingelig te hou oor Bybels wat beskikbaar is en die jongste nuus van tyd tot tyd?

Groete, Leon van den Heever: Bemaking: Bybelgenootskap, KZN: www.biblesociety.co.za

2] Van die Redakteur:

Beste Leon

Dankie vir u bemoedigende epos. *Reveille* wil aanhou om die nalatenskap van ds. AH Jeffree James te behou, wat vir 60 jaar geassosieer is met die Bybelgenootskap van SA, sy aangenome land.

Hou my asseblief op u poslys.

In Jesus, Craig.

3] Aan die Redakteur:

Baie baie dankie, dit is baie waardevol.

Ek het groot waardering vir dit wat julle doen, en die beskikbaarstelling daarvan vir ons.

Ds. Charl van Rensburg, NG Kerk Montagu

3] Van die Redakteur:

Beste ds. van Rensburg

Baie dankie vir u opbeurende woorde. In 'n eeu van kompromis, beoog *Protestantse Reveille* om gelowig en getrou te wees, met hulp van bo.

Groete aan u Montagu-gemeente.

In Jesus, Craig.

4] Aan die Redakteur:

Goeie dag,

Baie dankie vir die Protestantse Reveille wat ek gereeld van julle ontvang.

Ek wil voorstel dat jul dit ook op die internet op 'n webblad plaas, waarheen mense verwys kan word (nie net per epos nie).

Dankie en groete, Slabbert Le Cornu: www.proregno.com

4] Van die Redakteur:

Beste ds. le Cornu

Baie dankie vir u aanmoediging en kommentaar.

U voorstel dat ons *Reveille* op 'n geskikte webblad plaas, beplan ons om later vanjaar te implementeer. Ons is bewus van 'n leemte in ons huidige reklamebeleid!

Beste wense, Craig Hounsom

Ns: Danksy hul vriendelike samewerking, kan die Engelstalige uitgawes van *Protestant Reveille* maklik gekry word van die webblad van Cape Town Union Congregational Church: www.ctucc.co.za (Resources>Publications).

5] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Hi Craig

Groete. Dit was lekker om nou die dag met u te praat en BAIE GELUK met u onlangse verlowing.

Net om te bevestig dat ek die jongste 'Protestantse Reveille' ontvang het. Lekker goed om te lees. Seën u. Dankie aan almal wat hierby betrokke is!!!

Craig, ek het ook die voorreg gehad om 'n artikel oor Sjina en sendings vir een van u vorige uitgawes te skryf; en na ek u Paasfees-uitgawe gelees het, was ek veral beïndruk met die stuk oor 'Die hoofzaak van die Kerk', in Michael Cassidy se artikel 'Om die Kerk gereed te maak vir Evangelisasie'.

Ons het gewonder of ons moontlik 'n datum kon vasstel om u te ontmoet met die oog op verdere samewerking in die Koninkryk in verband met sendingwerk en die wonderlike werk wat die Here met die Sjinese doen in Sjina, en in Suid-Afrika en inderdaad Afrika?

Die uwe, Richard

5] Van die Redakteur:

Beste Richard

Dankie vir u warm brief en wense. Goed om te sien dat 'n voormalige top sokkerspeler nou die doel het om die Bybelboodskap na Sjina en die Sjinese oorsee te neem!

Dr Michael Cassidy het 'n hart vir evangelisasie, en sendings is eintlik die uitbreiding daarvan. Soos die gesegde gaan, 'om oor die see te gaan maak nie 'n sendeling nie'. Dit moet liefde vir ander wees.

Ek sien uit om u binnekort te ontmoet.

In Jesus, Craig.

'Vir vyftig jaar het die Here my binne sig van die Kruis gehou.'

(Andrew Bonar, van die Vrye Kerk van Skotland -- Free Church of Scotland, biograaf en vriend van die vroom Robert Murray M'Cheyne)

'Hy wat die Woord van God gehoor het, kan Sy stiltes verdra.'

(St Ignatius)

Boekbesprekings:

1] *Faith Seeking Assurance*

Anthony Burgess (1605-1664): *Reformation Heritage Books*: Sagteband: 209pp: £6.50: ISBN 978-1-60178-369-1

Die einste woord 'puritein' dra 'n gevoel van iets wat saai en vervelig moet wees, en net vir die suurpruim is wat almal in hulle somber wêreld wil insleep. So 'n karikatuur is beslis onverdiend en nie waar nie. Enige Christen wat daardie gedagte het, kan gerus hierdie klein bundel koop en die regte genie van Puriteinse werke sien.

Dit kan werklik gesê word van hierdie 17de-eeuse predikers dat hulle hemel en aarde beweeg het in die soektog na die verklaring van bybelse waarheid. Hulle was nie net besorg oor die ware uitleg van God se Woord nie, maar ook die praktiese uitwerking van daardie einste Woord. Die onderwerp van hierdie boek is Christelike versekering. In 'n eeu van ligsinnige 'maklik glo-isme', waar selfs die ongetwyfelde goddelose en slegte mense beweer dat hulle weergebore is, staan hierdie boek as 'n teenmiddel vir sulke kettergedagtes en -praktyke. Burgess neem die leser deur 'n volle reeks van waarhede volgens die Skrif terwyl hy uitpak wat die Bybel leer oor 'n mens se eie versekering van reddende genade. Teen die verkeerde gedagte van 'n valse versekering, is die skadelike oortuiging van min of geen versekering van God se vergewende genade en barmhartigheid. Dit is beslis nie 'n deug om God se liefde vir en geskenke aan die ware gelowige te bevraagteken nie. Tog kan die ware siel in Christus gepla word deur vrees, twyfel en vrae. In hierdie tye word die Puriteine die Christen se beste vriend. Onder andere, handel Burgess oor kwessies soos: *die noodsaaklikheid van versekering, merke van genade en versekering, hulpmiddels vir vleeslike versekering, die verskil tussen versekering en veronderstelling, en die tekens van versekering*. Die moderne leser kan gerus heelwat ligsinnige en waterige – en boonop valse – kontemporêre literatuur wegbêre en teruggaan na die kanselreus van die 17de eeu.

Anthony Burgess is in Watford gebore en was 'n student by St John's College, Cambridge. Hy sou saam met baie ander vir sy oortuigings ly en is in 1662 uit die leraarsamp geskors deur die Act of Uniformity. Hy het in 1664 gesterf.

-- Resensie deur Stephen Holland: *Protestant Truth* (Protestant Truth Society-VK), Maart-April 2016

PROTESTANTSE BOEKSENTRUM

- **Tel: 021 685 3015** □ **Faks: 021 685 2618** □ **E-pos: protbookctr@xsinet.co.za**
- **Hoofweg 61 – 65 Mowbray 7700** □ **Posbus 13068 Mowbray 7705**

Ons verkoop 'n wye verskeidenheid Bybels, kommentare, naslaanwerke, godsdienstige of geestelike boeke en Bybelstudiehulpmiddels (vir individuele en selgroepe); en nagmaalsbenodigdhede.

Spesiale pryse binnekort beskikbaar oor 'voorraauditverkoop' titels!

Skakel ons gerus!

2] The Quest for the Historical Adam –

Genesis, Hermeneutics, and Human Origins

William VanDoodewaard: *Reformation Heritage Books*: Hardeband; 455pp; £21.99: ISBN 978-1-60178-377-6

Hierdie nuwe boek, glo ek, vul 'n groot gaping, veral in evangeliese en hervormde prediking. Hoe dikwels deesdae is die persoon Adam op die kansel genoem? Tog het die gebeurtenisse wat dié man omring reperiessies gehad vir die res van die Skrif, en Dr VanDoodewaard het die kerk van Christus 'n groot diens bewys deur sy werk; hierdie resensent stem saam met sy gevolgtrekkings.

Die boek word gerieflik in sewe dele verdeel, wat begin met 'Om Adam in die Skrif te vind' ('Finding Adam in Scripture'). Ons word dan voorgestel aan die Vroeër Vaders, insluitend Clement van Alexandria, Origen, Theophilus, Tertullian, en Augustine. Die verskeie menings van hierdie leiers is baie interessant omdat hulle van die letterlike na die allegoriese wissel. Ons word dan voorgestel aan die middeleeuse teoloë, byvoorbeeld Bede (wat aanhoudend vashou aan die letterlike sin van die teks), Anselm van Canterbury, en Peter Lombard.

Ons gaan dan aan na die Hervorming en Post-Hervorming tydperke. William Tyndale het die waarde van die terugkryging van die letterlike sin van die Skrif herken; Johannes Calvyn was sterk ten gunste van die skepping in ses gewone dae. Maar gedurende hierdie tydperk was daar altyd verskeie menings oor Adam en die skeppingsdae, alhoewel die Puriteine in Engeland 'n algemene letterlike siening gehad het.

Dit was egter die Negentiende Eeu wat die grootste uitdagings vir die letterlike standpunt gesien het. Charles Lyell (1797-1875) het die mening gehuldig dat vorige geologiese werklikhede geïnterpreteer moet word volgens die huidige geologiese verskynsels, en het tot die gevolgtrekking gekom dat die wêreld so oud as 300 miljoen jaar kan wees. Dit was 'n duidelike weerspreking van die letterlike lesing van Genesis, maar dit was gedurende hierdie tydperk dat die letterlike siening van die skepping in Genesis oor die algemeen in twyfel getrek is. Charles Darwin (1809-1882) het in Lyell se voetstaptes gevolg, en sy oupa, Erasmus Darwin, was 'n groot twyfelaar wat die historiese Christendom betref. Charles Darwin se godsdienstige sienings het blykbaar gewissel tussen Anglikanisme en Unitarisme.

Darwin se sienings was die teenoorgestelde van bybelse waarheid, en gedurende die Negentiende Eeu is moes baie Christene noodgedwonge 'n verdedigingshouding aanneem. Baie het steeds vasgeklou aan 'n letterlike begrip van Genesis; ander het 'n middelpad gesoek, wat bekend sou word as teïstiese evolusie. In Duitsland en Amerika het die Lutherane vasgeklou aan 'n letterlike interpretasie van Genesis oor die skepping en menslike oorspronge, veral in die werke van Friedrich Keil en Franz Delitzsch.

Gedurende die Twintigste Eeu het hervormde gelowiges op verskillende maniere gereageer. Die Hollanders, byvoorbeeld Nicholas Ridderbos, Jan Ridderbos, en GC Berkouwer, het geneig na 'n allegoriese siening van Genesis. Manne soos Geerhardus Vos en Louis Berkhof is egter sterk toegewy aan 'n letterlike interpretasie. Professor Valentine Hepp, wat Bavinck by die Free University of Amsterdam opgevolg het, het gepraat van 'n groot aantal Christelike geleerdes wat die wit vlag gehys het in geval hulle aangekla word dat hulle onwetenskaplik was.

In die Verenigde State het verskeie strydende teenoorgestelde standpunte ingeneem. John Murray en JG Vos het 'n letterlike siening ingeneem. Murray het BB Warfield se benadering tot oorspronge uitgedaag, terwyl Vos gesê het, '*Genesis gee die oorsprong van die heelal, die oorsprong van die lewe, die oorsprong van die menslike ras... die oorsprong van die verkore verbondsmense deur wie Christus na die wêreld sou kom om mense vir God te verlos, die oorsprong van die huwelik en die familie en die Sabbat*'. In die jare wat volg, het lede van die fakulteite van Westminster Seminary Philadelphia en Westminster California, weggebreek van 'n letterlike siening van Adam en Genesis. Bruce Waltke, Meredith Kline en Tim Keller is voorbeelde. Die BioLogos organisasie het heelwat invloed op hierdie gebied gehad. Die idee dat Genesis 'n letterkundige raamwerk eerder as die letterlike waarheid gee, het baie gewild onder baie hervormde geleerdes geword.

VanDoodewaard se titel van die laaste hoofstuk is 'Watter verskil maak dit (What difference does it make)?' Hy sê, '*Die EBP (evolusie biologiese prosesse --evolution biological processes) modelle word gekoppel aan 'n verhewe siening van die natuurlike menslike vermoë en rede in die ondersoeking en*

begrip van huidige en vorige realiteite... Die EBP modelle gee 'n belangrike aanduiding dat wetenskap uit beginsel voorkeur oor Genesis 1-2 gegee is. Daar is 'n goeie grondslag om dit te sien as 'n aansienlike verlating van bybelse ortodoksie.' (bl. 291). Adam is noodsaaklik, so noodsaaklik as Genesis 3, Romeine 5, en die Here Jesus Christus Self. Dit is belangrik dat die Kerk van Christus die oortuiging van die wyle Professor EJ Young het: 'Niks was van groter belang vir hom as dat die Kerk eenvoudig en moedig sou spreek oor die geïnspireerde rekord van die mens se skepping en val nie. Die skrywer sê laastens, 'Waar die doktrine van die Skrif verlore gaan, sal 'n verlies van bybelse Christelikheid sekerlik volg' (bl. 291).

Dit is 'n baie belangrike boek, wat deur almal wat die Here Jesus Christus liefhet, gelees en na geluister moet word.

-- Resensie deur David Needham: *Protestant Truth* (Protestant Truth Society-VK), September-Oktober 2015

3] Martin Luther

Simonetta Carr: Reformation Heritage Books: Hardeband; 64pp; \$18-00: ISBN 978-1-60178-454-4: (Moet nog gepubliseer word)

Vyfhonderd jaar gelede het 'n monnik genaamd Martin Luther vyf-en-negentig stellings geskryf, met die hoop om 'n bespreking oor sonde en bekering te begin by die Universiteit van Wittenberg in Duitsland. In 'n paar maande het daardie vrae die nasie geroer; 'n paar jaar later, die vasteland. Vandag weet ons dat daardie stellings die gang van beide die Westerse Kerk en wêreldgeskiedenis verander het.

In hierdie bundel vir kinders, vertel Simonetta Carr die aangrypende storie van hierdie vader van die Protestantse Hervorming en volg sy soektog na vrede met God, sy lewenslange heldhaftige stand vir God se waarheid, sy gesinslewe en veelvoudige prestasies. Die Hervormer se grootste prestasie, skryf sy, **'was sy onbuigsame klem op die gratis belofte van die evangelie.'**

-- Resensie deur: Reformation Heritage Books: www.heritagebooks.org

'Moet nooit in die donker twyfel wat God u in die daglig vertel het nie.'

(Dr V Raymond Edman van Wheaton College, soos aangehaal deur Paul Freed, stigter van Trans World Radio -- TWR)

Protestantse Reveille

is die amptelike blad van die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika. [026-692-NPO]:

- Posbus 13068 □ MOWBRAY □ 7705 □ Tel: 021 685 3015 □ Faks: 021 685 2618.
- E-pos (Redaksioneel): protestantsa@xsinet.co.za / stjohnscraig@telkomsa.net
- E-pos (Verspreiding): protreveille@xsinet.co.za
- Redakteur: Ds. Craig Hounson (St John's United Church, PMB, KZN)
- Vertaler: Lydia Koetsee □ Teksversorging: Ivan James

Verander u kontakbesonderhede?

Verwittig ons asseblief daarvan om te verseker dat u Reveille nog spoedig en gereeld in die toekoms sal ontvang.

U is baie welkom om **Protestantse Reveille** aan te stuur na vriende wat belangstel, en hulle te nooi om hul kontakbesonderhede aan ons te stuur.

Huidige en vorige uitgawes van **Protestantse Reveille** (Engels & Afrikaans) is **GRATIS** op versoek beskikbaar in gedrukte sowel as elektroniese formaat ('Adobe' of 'Word' Pdf.) Vorige uitgawes is beskikbaar op versoek.

Terugvoering en voorstelle is welkom -- u is ook welkom om met ons redakteur in verbinding te tree.

Maak gerus van Protestantse Reveille gebruik om belangstelling in Hervorming- en Protestantse aangeleenthede te bevorder. Indien wel, meld asseblief Protestantse Reveille as u bron, die naam van die skrywer, en die oorspronklike publikasie (indien van toepassing). Dankie! Alle regte voorbehou.

Donasies vir die verspreiding van **Protestantse Reveille** en die werk van die **Protestantse Vereniging** word hoog waardeer:

- Naam van Rekening: **Protestantse Vereniging van Suid-Afrika** □ **Standard Bank**
- Tjekrekeningnommer: **071391592** □ Tak: **Mowbray** □ Takkode: **024909**
- Deponeerder se Verwysing: **Gee asseblief u naam en skakel per e-pos, faks of brief.**

Baie dankie!

Protestantse Reveille: K3: 16 September 2016: 13:35